**SUIDKAAP BO**

Op Maandag 16 Februarie 2026 het die SAGES Suidkaap die jaarlikse Stigtersbeker op die MosselbaaiGholfbaanaangebied.  Die Stigtersbeker het sy oorsprong gehad toe die destydse Suidkaap streek verdeel is en die Outeniquastreek tot stand gekom het. Die twee streke het nou jaarliks in Februarie 'n beterbalkompetisie teen mekaar en die streek wie se spelers die beste gemiddeld op die dagbehaal is die wenners.

Daar het 'n totaal van 140 spelers vir die dag ingeskryf en die welcome reën van die vorige weke het verseker dat die baan in 'n betertoestand was 'n maand gelede.  Nadat Outeniqua in 2025 die bo toon gevoer het, het die manne en dames van Suidkaap besluit dit is tyd om die bordjies te verhang.  Die Spog2s is deur die Suidkapenaars oorheers, maar die manne van Outeniqua was darem op drie van die vier kortputjies naaste aan die pen en hulle is toe elkeen huis toe met 'n pak wors geskenk deur JC Slagtery op Riversdal.

Van die Top 11 beterbal pare was daar slegs vier van Outeniqua en die Top 3 was almal van die Suidkaap, onderskeidelik van Stilbaai (Branco Celica en Alwyn Vorster) 53 punte, Riversdal (Perto Vorster en Annemarie Smit) 51 punte en Boggomsbaai (Bert Steenberg en Johan Leonard ) 49 punte.



*Bert Steenberg  Johan Leonard Annemarie Smit  PetroVorster  Branco Celica Alwyn Vorster*

Die gemiddelde punt per paar vir die Suidkaap was 41.53 teenoor die 40.19 van Outeniqua, dus is die titel vir 2026 aan die Suidkaaptoegeken.  Hier onder oorhandig Jimmy Steele van Outeniqua die trofee aan Nic Marais.

